

DIE NASIONALE MUSEUM

van St. Georgestraat na Wardenplein

D.A. v.d. Bank

Die stigtingsvergadering van die Nasionale Museum is op 20 Julie 1877 in die stadsaal van Bloemfontein onder voorsitterskap van hoofregter F.W. Reitz gehou. Op 20 Mei 1878 is die Museum, wat vir die volgende 36 jaar in die historiese Raadsaalgeboutjie in St. Georgestraat gehuisves sou word, amptelik deur president J.H. Brand geopen. In 1906 is 'n spesiale komitee aangestel om die omstandighede waarin die Museum verkeer te ondersoek. Hierdie komitee het bevind dat die bestaande museumgebou te klein en heeltemal ontoereikend was om die versameling te huisves. Die stadsraad van Bloemfontein het die westelike gedeelte van Wardenplein, agter die biblioteek, geskenk vir die oprigting van 'n nuwe museum. 'n Bedrag van £12 000 (R24 000) is op die 1907-1908 begroting deur die regering van die Oranjerivierkolonie vir die bou van die Museum beskikbaar gestel. In hierdie stadium het die oorgang van die Oranjerivierkolonie vanaf 'n kroonkolonie na 'n selfregerende kolonie plaasgevind en die bou van die Museum is as gevolg hiervan uitgestel — die eerste in 'n lang reeks verdragings wat die oprigting van die nuwe Museum in die wiele sou ry.

'n Boukommissie bestaande uit verteenwoordigers van die ORK-regering, die stadsraade die museumkomitee het deur middel van 'n kompetisie planne vir die bou van die nuwe museum aangevra. In totaal is 34 ontwerpe voorgelê wat die kommissie met behulp van dr. L.A. Péringuey, direkteur van die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad, beoordeel het. Die ontwerp van die Kaapstadse argiteksfirma, Hawke & McKinlay, is met die eerste prys van £100 (R200) bekroon.

Die bekroning van Hawke & McKinlay se ontwerp het egter nie by almal byval gevind nie en 'n petisie is opgetrek waarin versoek is dat 'n lys van agt ontwerpe weer vir oorweging voorgelê moes word. Die ondertekenaars van die petisie was ook ontevrede omdat die kompetisie nie slegs tot argitekte van die Oranjerivierkolonie beperk is nie. Die koloniale sekretaris het egter hul besware verwerp en daarop gewys dat die



Dr. Hugh Exton, eerste ere-kurator van die Nasionale Museum (1877-1888). Hy was ook 'n geneesheer, geoloog en voorsitter van die Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging.

prysgeld reeds uitbetaal is.


As gevolg van die Oranjerivierkolonie se swak finansiële posisie is daar in 1908 besluit om nie voort te gaan met die bouplanne nie. Hierdie stand van sake het tot 1910 voortgeduur. Na Uniewording in 1910 is die Nasionale Bank van die Oranjerivierkolonie deur die Nasionale Bank van Suid-Afrika oorgeneem. Aangesien die ORK-regering die grootste aandeelhouer in eersgenoemde bank was, is hulle gedeelte van die opbrengs uit hierdie transaksie gebruik om 'n aantal openbare projekte af te handel en 'n bedrag van £15 000 (R30 000) is vir 'n nuwe museumgebou beskikbaar gestel.

Hawke & McKinlay wat in daardie stadium besig was met die oprigting van die Hooggeregshof in Bloemfontein, het versoek dat die museumprojek ook aan hulle toevertrou moes word. Sover egter uit beskikbare planne en korrespondensie afgelei kan word, is dit onder toesig van die Departement van Openbare Werke gedoen.

Die hoeksteenlegging is op 13 Desember 1911 deur die eerste administrateur van die Vrystaat, dr. A.E.W. Ramsbottom, waargeneem. Ander sprekers by die geleentheid was dr. B.O. Kellner (sedert 1888 ere-kurator in die plek van dr. H. Exton), die burgemeester en dr. J. Brill. 'n

Tydlike verhoog is opgerig en die terrein is met vlae en vlagdoek versier. Die drukkende hitte en 'n stofstorm het egter verhoed dat die hoeksteenlegging deur 'n groot aantal belangstellendes bygewoon is.

Dit is interessant om daarop te let dat die naam *Nasionale Museum* ingevolge 'n komiteebesluit van 4 Junie 1910 verander is na *Oranje Vrijstaats Museum/Orange Free State Museum*. Hierdie naam het blykbaar nooit inslag gevind nie en mettertyd is die naam *Nasionale Museum* weer in ere herstel.


Die bouwerk aan die nuwe Museum is teen die einde van Maart en die begin van April 1913 voltooi en op 14 April het die komitee vir die eerste keer in die nuwe gebou vergader. Die voltooide gebou moes egter vir ongeveer 21 maande leegstaan, omdat die komitee nie oor voldoende fondse beskik het om die versameling oor te plaas en om die nodige uitstallingskaste aan te skaf nie. Op 4 Januarie 1915 is die Museum amptelik deur die voorsitter van die museumkomitee, in daardie stadium dr. Kellner geopen. Die opening wat sonder enige toesprake of seremonie plaasgevind het, is slegs deur enkele besoekers, waaronder die komitee-lede en dr. Ramsbottom en sy gesin, bygewoon. 

BIBLIOGRAFIE

- ARNDT, E.H.D. *Banking and currency development in South Africa (1652-1927)*, Cape Town: Juta, 1928.
- De Express*, 26 Julie 1877
- Nasionale Museum. *Notules* 1907-1915
- Nasionale Museum. *Plan no 1409/2; 1409/3*.
- The Bloemfontein Post*, 13 Desember 1911; 13 Augustus 1912.
- The Friend*, 13 Desember 1911, 5 Januarie 1915.
- Vrystaatse Argiefbewaarplek. Colonial Secretary. C/S 1236/6/06; 1236/7; 1236/9/06
- Vrystaatse Argiefbewaarplek. Provincial Administration. P.A. 1/2.



Bernhard Otto Kellner, tweede ere-kurator en voorsitter van die museumkomitee ten tye van die opening van die nuwe gebou. Dr. Kellner, 'n geneesheer, was ook burgemeester, Duitse konsul en Volksraadslid.



As gevolg van aanbouings moes die hoekstene uit die muur verwyder word, Dit is tans op uitstalling in die Museum.



Die nuwe Nasionale Museum kort na voltooiing in 1913. Die Italiaanse teëldak was die eerste van sy soort in Bloemfontein.